# SOWETO

E945

## 'N STAD BINNE 'N STAD

**Johannesburg se Suidwestelike Bantoewoonbuurt**

Sep 1969



Uitgereik deur die

**AFDELING NIE-BLANKE-SAKE**

van die

**STADSRAAD VAN JOHANNESBURG**

**Bestuurder: T. W. A. Koller**
**Posbus 5382 Johannesburg**

September 1969

# SOWETO

*Johannesburg het in 1966 sy 80ste verjaardag gevier en 'n film vervaardig, „'n Miljoen Goue Stede". Die tema het getoon dat Johannesburg vir elkeen van sy inwoners iets anders beteken.*

*In hierdie brosjure probeer ons om die lewe in Soweto weer te gee — Soweto, die tuiste van die Bantoe in Johannesburg.*

*Hierdie mense, wat deel uitmaak van verskillende stamme, het verhuis van hul landelike gebiede na E-Goli (die Stad van Goud) om werk te soek. Baie van hulle ken geen ander tuiste as Soweto nie.*

*Die verhaal wat volg, sal probeer om 'n beeld te gee van die aanpassings van landelike na stedelike omstandighede deur die Bantoe, en die pogings van die Sentrale en Provinsiale Regering en die Stadsraad om in die behoeftes van hierdie mense te voorsien in 'n stedelike omgewing.*

*Dit is duidelik dat veel meer gedoen moet word, maar ek glo dat wat reeds bereik is, 'n aanwins vir die Bantoe, die Stad en die Republiek van Suid-Afrika is.*

Patrick Lewis

PATRICK LEWIS *Burgemeester*

---

*In die jare na die oorlog het Suid-Afrika ontwikkel tot 'n hoogs geïndustrialiseerde land met Johannesburg as dinamiese middelpunt. Om in die aanvraag na mannekrag te voorsien vir die industrieë en die handel het die toeloop na die stede 'n voortstuwende stroom van mense geword wat die karige behuisingsfasiliteite waaroor die stad op daardie tydstip beskik het, uitgeput het. Die gevolg was dat wydverspreide plakkersdorpe met gepaardgaande euwels in en om Johannesburg ontstaan het.*

*Dit was die verantwoordelikheid van die Stadsraad om behuising te verskaf aan honderde duisende Bantoes wat in sy gebied werksaam was, en in die afgelope twee dekades is voorsiening gemaak vir leefbare behuising wat 'n totale verandering was van die anti-sosiale toestande van die verlede. Nie alleen huise nie, maar ook geriewe moes verskaf word.*

*Met die totstandkoming van die veelsydige skepping wat ons Soweto noem, het die Stadsraad meegewerk aan een van die grootste krotbuurt-opruimingskemas van die na-oorlogse era.*

S. Moss

S. MOSS *Voorsitter—Komitee vir Nie-Blanke-Sake*

## KOMITEE VIR NIE-BLANKE-SAKE (1969/1970)

Raadslid S. Moss (Voorsitter); Raadslede: Majoor J. D. Opperman, L.P.R. (Adjunkvoorsitter); I. E. B. Attwell; H. F. Dennis; D. T. Mahony; dr. C. J. Ross-Spencer; I. Schlapobersky; J. S. J. Burger; E. Cuyler, V.R., L.P.R.; C. P. Venter.



# SOWETO

**Vroeë jare**

Aan die begin van die eeu het Johannesburg se Bantoebevolking grotendeels uit mans bestaan. Hulle was trekarbeiders wat 'n kort rukkie in die stad vertoef het voordat hulle na hulle tuistes teruggekeer het. Later het al hoe meer van hulle vrouens hulle na die stad vergesel, en Bantoe-gesinne het hulle in die gebied kom vestig.

Pimville is in 1905 gestig, en ander woonbuurte het later gevolg.

Die Afdeling Nie-blanke-sake van die Johannesburgse Stadsraad is in 1927 as 'n aparte eenheid gestig, en het die behuising van die Bantoe-bevolking van die Afdeling Parke oorgeneem. Behuising in die Bantoedorpe, met



*Die nasleep van vooruitgang*

uitsondering van Pimville, is sedertdien sy verantwoordelikheid.


**Die oorlogsjare**

En toe die oorlogsjare. In 1939 was die Bantoe-bevolking van Johannesburg 244,000. Baie van hulle het in ongeskikte huise gebly, maar die Afdeling Nie-blanke-sake het toe reeds ongeveer 8,700 huise gebou om die toestand te verbeter.


Die gevolge van die oorlog was vir Johannesburg se Bantoebevolking 'n ramp. Die groeiende industriële ontwikkeling was toegespits om al hoe meer oorlogsmateriaal te verskaf, het al hoe meer arbeid geverg, met die gevolg dat die Bantoebevolking in Johannesburg fenomenaal vermeerder het. Ordentlike behuising was moeilik bekombaar, en twee of meer families moes dikwels in een huis woon. In die dele waar daar geen geskikte behuising was nie, het krotbuurtes van die ergste graad ontstaan. Bestaande geriewe kon nie byhou nie en die mense moes hulle uiteindelik met hulle besittings op die kaal veld vestig. Krotte gebou uit blik, sakke, kartondose en enige ander materiaal wat byderhand was, het oornag verrys.

Tydens die oorlog is niks omtrent die probleem gedoen nie. Alles was toegespits op ander sake as behuisings.

**Bevolkingsaanwas–gebiede onder die beheer van die Stadsraad en Bantoehervestigingsraad, 1935-1965**




**Getal huise in die Stadsraad-beheerdegebied 1935-1965**





## Die moeilike jare


Dit was die toestand in 1946. In 6 jaar het die bevolking met 150,000 vermeerder. 11 Plakkerkampe het ontstaan, waarvan die grootste 'n bevolking van ongeveer 60,000 gehad het. Wet en orde het nie bestaan nie. Boeweleiers het van die bevolking afgepers, en het die mense wat hulle nie gehoorsaam het nie, gruwelik mishandel; siektes was algemeen en wydverspreid, en sanitasie en ander dienste het eenvoudig nie bestaan nie.

Die plakkerkampe moes onmiddellik ontruim word, en noodkampe is opgerig om die toestand te verbeter. Dit was nog onbevredigend, maar daar was nou 'n mate van beheer, en water en sanitasie kon voorsien word. Die voormalige leiers het hierdie stappe dikwels op geweldadige wyse teëgegaan, aangesien hulle lekker lewe ten einde gekom het.

Behuising is egter duur, en die stad moes betaal. Die Nasionale Behuisingskommissie het gehelp waar hy kon, maar hy het landswyd met die probleem te kampe gehad. Van belang was om huise goedkoop genoeg te kon bou sodat die huurders die huurgeld kon betaal.



*Die Oppenheimer-toring—Simbool van die nuwe tydvak*




## Die deurbraak

Onder moeilike finansiële omstandighede het die Stadsraad duisende huise gebou voor die eerste deurbraak in 1951. In 1951 het die Wet op Bantoebouwerkers van krag geword. Bantoe-,,ambagsmanne'' kon nou vir die eerste keer leer hoe om huise in hulle eie gebiede te bou. Boukoste het fantasties gedaal. In 1953 het die Heffingsfonds vir Bantoe-dienste tot stand gekom, waardeur werkgewers van Bantoe-arbeiders verplig was om by te dra tot die voorsiening van dienste in die Bantoe-woonbuurtes.

Die tweede deurbraak was die instelling van die Erf-en-diensskema deur die Regering in 1953. Dit het baie daartoe bygedra om in die vraag na huise te voorsien. Hierdie skema het voorsiening gemaak vir die daarstelling van terreine, met dienste voorsien, vir gesinne wat tydelike geboue opgerig het, met fondse wat deur die Regering beskikbaar gestel is, en wat later, so gou as wat dit moontlik was, vervang is deur steengeboue wat die Stadsraad opgerig het.

Die probleem was egter nog altyd die beskikbaarheid van fondse. Die Stadsraad moes besluit of hulle moreel geregverdig sou wees om huise van hoë gehalte, en derhalwe minder daarvan, te voorsien terwyl mense in krotbuurtes en noodkampe bly woon, of om goedkoop, woonbare kwartiere op te rig en die krotbuurtes vinniger op te ruim. Hulle het laasgenoemde beleid gevolg en volg dit vandag nog.

In 1956 het wyle sir Ernest Oppenheimer, wat so onthuts was oor die toestande wat nog steeds in Moroka geheers het, sy kollegas in die mynbedryf oorreed om die Stadsraad 'n bedrag van R6,000,000, terugbetaalbaar oor 'n tydperk van 30 jaar, te leen. Dit was die kapitaal wat die Stadsraad nodig gehad het, en in een jaar is daar 10,000 huise, sowel as tehuise, skole en ander geriewe gebou. Bo en behalwe hierdie lening, het die Regering deur middel van die Dept. van Gemeenskapsbou, R11,000,000 beskikbaar gestel vir die oprigting van geboue en die verskaffing van ander geriewe.



*'n Nuwe tuin, 'n nuwe leefwyse*

## Die huidige toestand


Die grootste ontwikkeling in Soweto het sedert 1956 plaasgevind. Die krotbuurte het feitlik verdwyn. Slegs 'n klein gedeelte van Pimville bestaan nog. Die Oostelike Bantoe-dorp sal binnekort ontruim word, en 'n nuwe stad is geskep.

Hervestiging is egter 'n klein gedeelte van krot-opruiming. 'n Nuwe leefwyse moes geskep word. Die mense moes maatskaplike verantwoordlikhede aanvaar. Nuwe sienswyses moet ontwikkel. In die uiters kort tydperk sedert hulle die krotbuurte verlaat het, het die mense bewys dat hulle die verantwoordelikhede nie slegs kan aanvaar nie, maar dat hulle dit ook verwelkom. Daar heers 'n nuwe gees. In 1968 het die Stedelike Bantoeraad die ou Advieskomitees vervang, en hierdie liggaam met aangestelde en verkose lede, stel baie hoë eise aan hulleself.


Soweto is nie sonder foute nie. Die huise skep dikwels 'n eentonige indruk, en geriewe is soms onvoldoende. Maar die primêre taak bly die opruiming van die krotbuurte, en die voorsiening van basiese behuising vir elke gesin. Hierdie mikpunt is in sig.



*Tradisioneel ...*



*Westers ...*



*Die Toekoms*

## Die mense

Wie is die mense van Soweto?
Die mense van Soweto is in die eerste plek almal Bantoes. Hulle is lede van feitlik al die Suid-Afrikaanse stamme, maar die meeste is Zoeloes of Sotho's; die Venda's en Tsongas is minder. Die verskillende stamme word volgens hul volkseenhede gegroepeer. Dit vergemaklik byvoorbeeld bywoning van skole waar moedertaalonderrig van toepassing is.
Die mate waarin hulle aangepas het by die moderne Westerse leefwyse verskil heelwat van groep tot groep—daar is mense by wie 'n sterk stamverband behoue gebly het en ander wat in baie opsigte die Westerse leefwyse aanvaar het. Op opvoedkundige gebied is daar ook groot verskille, en ongeletterdes en gegradueerdes kom daagliks met mekaar in aanraking.
Meeste van die mense werk in Johannesburg.








## Die Bantoedorpe

Soweto is 'n dorpekompleks suidwes van Johannesburg. Die naam is saamgestel uit die eerste twee letters van die woorde „South Western Townships". Dienste wat gelyk staan met die wat in enige groot stad aangetref word, word deur die Stadsraad van Johannesburg voorsien. Huurgelde dek al hierdie dienste met uitsondering van water en elektrisiteit. Die huurgeld van die meeste huise is R5.80 per maand.

Die huise het van twee tot vyf kamers, gemiddeld vier. Privaat geboude huise in gebiede soos Dube is dikwels baie groter. Alleenlopende mans woon in groot tehuise.



*Simpatie verrig wondere*

*Huurgeld word ingevorder*



## Administrasie

Die Administrasie van Soweto word waargeneem deur die Stadsraad van Johannesburg, op die derde vlak van Suid-Afrika se drievlak-regering—Nasionale, Provinsiale en Plaaslike of Munisipale regering. Die beleid van die hoër regeringsvlakke is natuurlik van toepassing op plaaslike besture.

Die Afdeling Nie-blanke-sake administreer Soweto, en is deur sy Bestuurder verantwoordelik aan die Stadsraad.

Die Afdeling Nie-blanke-sake het in Soweto 'n stelsel van Superintendente op wie se skouers die roetine-administrasiewerk rus.

Daagliks bring honderde persone hulle probleme na hierdie beampte. Die broodwinner het miskien sy werk verloor, of daar was siekte en die huurgeld is nie betaal nie. Hulle probleme word simpatiek behandel. Hierdie beamptes het uitgebreide ondervinding van hierdie soort werk, dra gespesialiseerde kennis van die verskillende Bantoekulture en hulle weet presies hoe om op te tree.

Werksoekers word aan werkgewers bekend gestel; kontant of kospakkies word aan behoeftiges voorsien. Probleme in verband met pensioene word ondersoek en daar word leiding gegee. Eiendomsmoeilikhede of regsprobleme word opgelos. Die eindelose stroom van persoonlike moeilikhede word sonder versuim en simpatiek behandel. Die welsynbeampte skakel nou met die Superintendent.










*Mnr. F. Mncube—Eerste voorsitter van die Stedelike Bantoeraad*


## Die Stedelike Bantoeraad

Die Stedelike Bantoeraad is in 1968 ter vervanging van die ou Adviserende Bantoekomitee ingestel. Party van die lede word verkies deur stemgeregtigdes binne die etniese groepe, terwyl ander aangewys word deur die verskillende verteenwoordigers van die Stamkapteins in die Bantoe-tuislande om hulle belange te behartig.
Daar is 58 lede wat vir 'n periode van 3 jaar dien. 41 is verkose lede, en 17 word aangewys deur die verteenwoordigers van Stamkapteins. Die Bantoeraad fungeer deur 4 komitees wat verantwoordelik is vir Geriewe, Onderwys en Gesondheid, Vervoer en Handel, en Algemene Sake en Behuising.
Aanbevelings van die Stedelike Bantoeraad word aan die Johannesburgse Stadsraad voorgelê, en geen belangrike aangeleentheid wat die mense van Soweto raak, word deur die Stadsraad oorweeg tensy die Stedelike Bantoe-raad eers 'n aanbeveling gemaak het nie.






Wyer horisonne




Voeg 2 koppies meel by

## Onderwys

Die Departement van Bantoe-onderwys is verantwoordelik vir onderwys in Soweto, maar die Stadsraad verskaf geboue vir laer skole met fondse wat uit huishuurgelde verkry word. Leerplanne word aangepas by die behoeftes van die Bantoegemeenskap, maar die Matriekeksamen is dieselfde as die wat deur alle studente in Suid-Afrika afgelêword.

Onderwys is 'n belangrike faktor by die aanpassing by 'n nuwe leefwyse en die meeste gesinne is baie gretig dat hulle kinders moet skoolgaan. Die voertaal in laer skole is die moedertaal van die kind, in hoër primêre en in hoër skole is dit die amptelike tale.

Die groot bevolkingsaanwas skep egter probleme en die Afdeling het te kampe met 'n geweldige tekort aan personeel en geboue. Daar bestaan tans genoeg primêre skole, maar daar is 'n tekort op hoër vlak.

Universiteitsopleiding word veskaf by die verskillende Universiteite vir Bantoes, en vakopleiding by die Vakopleidingsentrum (bestuur deur die Stadsraad) en die Tegniese Kollege in Soweto.

# INTERESSANTE GEGEWENS (JUNIE 1968)

Totale Bantoebevolking van Johannesburg 673,639

(met inbegrip van myne, gebiede wat deur die Raad beheer word en gebiede wat deur die Bantoehervestigingsraad beheer word).

**Die dorpe:** Bevolking: 396,865 (gebiede wat deur die Raad beheer word).
Oppervlakte: Ongeveer 26 vierkante myl.
Getal dorpe: 21
Totale getal huise: 65,074.

**Tehuise:** 9. Inwonertal: 28,311

**Administrasie:** Getal kantore: 11

**Onderwys:** Getal skoliere: 94,444.

| Skole | Laer primêre | Hoër primêre | Laer primêre en hoer primêre (gekombineer) | Sekondêre | Hoër | Tegniese |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Getal | 77 | 31 | 10 | 1 | 6 | 2 |

**Gesondheid:** Klinieke: 7 algemene klinieke, plus subklinieke (tuberkulose, kraamnasorg, ens.)



Gelde by klinieke: 20 sent
Gelde by Baragwanath-hospitaal:
20 sent vir buitepasiënte
50 sent vir hospitaalpasiënte (alles inbegrepe) vir enige besondere siekte, afgesien van die tydsduur daarvan.


**Die Jeug:** Bevolking jonger as 20: 55%

**Welsynsdienste:**

Kleuterskole: 44
Getal werkers in werkwinkel vir beskutte arbeid: 100
Gemiddelde getal gevalle wat per maand behandel word: 2,000

**Klubs:** Aandklubs: 23 (hoofsaaklik mans)
Middagklubs: 21 (kinders)
Vroueklubs: 10

**Openbare biblioteke:** 6


SOWETO
DOBSONVILLE
MEADOWLANDS
NOORDGESIG
ORLANDO WES
DOORNKOP BEGRAFPLAAS
ZONDI
EMDENI
ZOLA
JABULANI
MOFOLO
DUBE
ORLANDO OOS
DIEPKLOOF
JABAVU
MOLETSANE
MOLAPO
KLIPSPRUIT
MOROKA
MAPETLA
PHIRI
DHLAMINI
SENAOANE
PIMVILLE
BARAGWANATH HOSPITAAL
N
NGUNI
SOTHO
ANDER

Swan Press

**Ontspanning:**









| Geriewe | 1948 | 1968 |
|---|---|---|
| Stadions | — | 3 |
| Sportterreine | 14 | 90 |
| Korfbalvelde | 10 | 77 |
| Swembaddens | 1 | 2 |
| Betonfietsrybane | — | 2 |
| Tennisbane | 14 | 42 |
| Amerikaanse korfbal | — | 4 |
| Klubgeboue | 6 | 23 |
| Gemeenskapsale | 3 | 7 |
| Ontspanningsale | — | 4 |
| Tehuissale | 2 | 3 |
| Kinderspeelterreine | 5 | 39 |
| Kegelbane | — | 6 |
| Dansarenas | — | 4 |
| Atletiekbane | — | 3 |
| Kleekamers | — | 11 |
| Golfbane | 1 | 2 |
| Rolbalbane | — | 1 |

Hierdie syfers sluit nie sale, klubs, ens., onder die beheer van kerke, liefdadigheidsorganisasies en ander instansies, wat 'n groot verskeidenheid geriewe verskaf, in nie.

**Bantoebier en drank:**

Biertuine en buiteverkoopdepots: 20
Kroegsitkamers: 3
Gellings Bantoebier wat jaarliks gebrou word: 30 miljoen.

**Die handel:**

Getal winkels in Soweto: Meer as 1,500.
Banke: 1
Groothandelproduktemark: 1


**Vervoer:**

Daaglikse getal treinpendelaars: 191,000
Prys van treinkaartjie: R2.50 per maand vanaf enige plek in Soweto.
Vyf- en sesdagkaartjies kos minder.

**Godsdiens:**

Kerke: 154
Kerkgenootskappe: 70 erkende kerkgenootskappe en ongeveer 900 sektes.

**TOTALE KAPITAALUITGAWE TOT IN JUNIE 1968: R60,563,572.**



*Rustyd*

## Tuinbou

Parke is in baie gebiede uitgelê, en geriewe word gedurig uitgebrei. Die inwoners word aangemoedig om hulle tuine te bewerk en baie van hulle het, benewens blomtuine, ook groentetuine en vrugtebome. Die Tak Tuinboukunde verskaf plante, bome en waardevolle advies aan sulke tuinliefhebbers. Tuinkompetisies word elke jaar gereël. Daar is twee vrugtebome in die tuin van elke huis in Soweto geplant. Die strate word versier met koeltebome, en elke jaar word daar duisende aangeplant. 'n Menigte grasperke en blombeddings word in parke en speelterreine onderhou.

Hierbenewens is daar 'n begin gemaak met 'n aantal skemas om „vars lug"-ruimtes te verskaf – buitelug-gemeenskapsentrums waar mense gedurende hulle vrye tyd byeen kan kom – 'n gebruik waarvoor die Bantoe baie lief is.



*Lekkerrrrr . . .*



*Net om seker te maak – moeders by 'n babakliniek*



## Gesondheid

Gesondheidsdienste word by sewe algemene klinieke asook tuberkulose-tandheelkunde- en kindergesondheidsklinieke gelewer. 'n Groot personeel behandel meer as 'n miljoen gevalle per jaar.


Die algemene klinieke lewer deurlopende diens bedags en snags en behels onder meer 'n kraamdiens.

Fasiliteite vir ongevalle en buite-pasiënte funksioneer as 'n geïntegreerde radiobeheerde stelsel met die Baragwanathhospitaal as basis. Buitepasiënte betaal 20c elk, maar behandeling word nie geweier as pasiënte dit nie kan betaal nie. 'n Diens word ook gelewer vir pasiënte wat deur dokters of verpleegsters by hulle huise besoek moet word. Die Gesinsgesondheidsdienste behels advies oor alle gesondheidsprobleme en daar word veral aandag bestee aan die bevordering van kindergesondheid.

Inentings teen witseerkeel, kinkhoes, tetanus, poliomiëlitis, pokke en tuberkulose word gedurig gegee, en na inten-




Moderne X-straal-ondersoek vervang die kuns van die toordokter



Tandheelkundige kliniek



siewe massaveldtogte, word die immuniseringsvlak gehandhaaf, deur meer as 'n half-miljoen dosisse per jaar toe te dien.
Daar is 44 kleuterskole wat grotendeels deur vrywillige organisasies beheer word. Hierdie skole word deur die Gesinsgesondheidstak besoek om die hoogste standaarde moontlik te verseker.
Tuberkulosedienste word gratis gelewer en dek diagnose, behandeling in die hospitaal en tuis, aanvullende voeding en nasorgdienste aan die pasiënt en sy gesin.
Vaste en mobiele röntgeneenhede word gebruik om kontakgevalle en gevalle van verdagte tuberkulose te ondersoek en fabrieke en ander werkplekke word gereeld besoek vir roetine-ondersoeke. Mans wat deur die Munisipale Arbeidsburo in diens geplaas word, ondergaan 'n mediese roetine-ondersoek en 'n röntgenondersoek vir tuberkulose.



*Hulp vir die oues van dae*

*Nuttige werk by die beskutte-arbeidsentrum*






## Welsyn

'n Groot verskeidenheid dienste word gelewer aan minderbevoorregte Bantoes. Onder andere word rehabilitasie van ongeskikte persone onderneem by 'n beskuttearbeids-werkwinkel. Ongeskikte persone word hier van werk voorsien, en vervaardig weefstukke, naaiwerk, netwerk en rottangwerk. Hulle word op 'n stukwerkgrondslag betaal.

Bo en behalwe die algemene maatskaplike werk, is daar ook maatskaplike werkers wat spesifiek met mense handel wat swaarkry as gevolg van die feit dat hulle tering opgedoen het. Hierdie beamptes sorg dat daar voorsiening gemaak word vir die gesinne van tuberkuloselyers terwyl hulle in die hospitaal is en dat hulle werk bekom nadat hulle genees is.



*Jeugdige spelorganiseerder*



*Bou vir die toekoms*






## Jeug–Klubs

Die Tak vir die indiensneming van Jeugdiges is gestig om jeugmisdaad te bekamp, en was tot nou toe uiters geslaagd. Jeugdiges in Soweto word aangemoedig om hulle by hierdie tak te laat registreer. Hulle ondergaan aanlegtoetse en word aangeraai om hulle by die Jeugsentrum in Dube aan te meld. Hier word hulle besig gehou met sport, filmvertonings, en lesings tot tyd en wyl paslike werk vir elke individu gevind kan word. Die Jeugsentrum is die enigste van sy soort wat deur 'n plaaslike bestuur bestuur word. Die Vakopleidingsentrum bied opleiding in die boubedryf, d.w.s. in messel- en pleisterwerk, skrynwerk, loodgietery, en elektriese bedrading. Na hulle die kursus voltooi het, word hulle in diens geneem deur die Stadsraad se Byafdeling Behuising, die Stadsingenieursafdeling en die Elektrisiteitsafdeling.


Jeugklubs is gestig om voorsiening te maak vir jong mense. Bedrywighede by die klubs behels onder meer dans, sing, drama, spele, ensovoorts. Jaarliks word daar kampe by die see gereël sowel as 'n Kersparty wat duisende kinders bywoon.

Die vroueklubs verskaf onderrig in naaldwerk, kookkuns en ander huishoudelike kunsvlyt, en vir die mans word daar in die aande voorsiening gemaak by klubs waar hulle kan boks, stoei, gewig optel, ens.





Gewilde sportsoorte in Soweto





## Ontspanning

'n Groot aantal opgeleide personeellede organiseer ontspanning in Soweto.
Voetbalvelde, korfbalbane, tennisbane, swembaddens, speelterreine, gholfbane, ens., word voorsien, baie met klubhuise. Vir groter sportbyeenkomstes is daar drie groot stadions wat gerieflik geleë is.
Sportverenigings is grotendeels verantwoordelik vir die reëling van sport vir volwassenes; die Ontspanningseksie voorsien slegs fasiliteite en tegniese advies.
By skole voorsien die Seksie egter nie slegs in die meeste van hulle sportbehoeftes nie, maar help ook met die organisasie van inter-skoolwedstryde.


Hierbenewens is daar fasiliteite vir rugby, krieket, hokkie, sagtebal en ander gewilde spele voorsien. Vir inheemse bedrywighede word spesiaal voorsiening gemaak.
Daar is in die gebied groot tehuise opgerig wat elk ongeveer 5,000 mans herberg. By elk van die tehuise is daar 'n vaste voltydse organiseerder wat ontspanningsbedrywighede, o.a konserte, kore, boks, gewigoptel, liggaamsoefeninge, kegelspel en filmvertonings reël.
Behalwe op Saterdae en Sondae word daar elke aand gratis filmvertonings by 25 plekke in Soweto gehou. Daar is twee keer per week middagvertonings.







*Gemeenskapsale is belangrike vergaderplekke in Soweto*







*Boeke – 'n middel tot vooruitgang*




*Afrika-beeld*

## Kuns en Kultuur


'n Kulturele seksie van die Afdeling Nie-blanke-sake voorsien vir beide volwassenes en kinders musiek- (blaas- en ander orkeste), dans- (ballet en balsaal) en skilder- en beeldhoulesse. Feitlik al Suid-Afrika se bekende Bantoe-kunstenaars het opleiding by die Jubilee-kunssentrum, wat hierdie seksie bestuur, ontvang. Die Bantoe-musiekfees vind jaarliks plaas.
Daar is openbare biblioteke oral in Soweto.




*Beeld, klank en ritme*









Sektedrag



## Godsdiens

Die godsdiensoortuigings van die inwoners van Soweto is geweldig uiteenlopend en wissel van oorspronklike stamgelowe aan die een kant tot lidmaatskap van 'n erkende Christelike Kerk aan die ander kant.
Die bevolking het grotendeels die Christelike geloof aanvaar, alhoewel dit in sommige gevalle slegs nominaal is. Honderde klein sektes, waarvan baie nie van die oorspronklike stamgelowe onderskei kan word nie, het onstaan. Hierdie aangepaste gelowe bevredig die behoeftes van mense wat besig is om 'n verandering te ondergaan, waar die samelewing steeds verander. Baie van die sektes se bestaansduur is uiters kort.
Kerkterreine word teen 'n nominale huurgeld op gerieflike plekke dwarsdeur Soweto beskikbaar gestel.








## Die Handel

In Soweto word die handel slegs tot Bantoes beperk. Die meeste handelaars het geen vorige besigheidsondervinding gehad nie, en sou dus nie 'n bestaan kon maak as hulle regstreeks moes meeding met mense wat meer kapitaal en ondervinding het nie. Bantoe-besigheidslui het dus geleer hoe om handel te dryf en baie het die nodige kapitaal opgebou om groot besigheidsondernemings te stig.
Dit is die beleid van die Afdeling Nie-blanke-sake om besighede in Soweto te desentraliseer, sodat almal binne redelike afstand van 'n winkel is. Die bevolking se koopgewoontes word meer gesofistikeerd.



*Groot sluk . . .*

*Fyn proe . . .*



## Bantoebier en Drank

In Augustus 1962 is „witmens"-drank wettiglik aan die Bantoe beskikbaar gestel en die Stadsraad het die verspreiding daarvan onderneem deur verspreidingspunte dwarsdeur Soweto. Buiteverkoopplekke en verkoopplekke vir verbruik op die perseel in die vorm van moderne sitkamer-kroeë waar mense 'n drankie en gesellige verkeer in 'n aangename omgewing kan geniet, is geopen.

Met die oog op die armoede van die bevolking in die geheel en die konstante vraag na behuising en ander geriewe, sou die Stadsraad nie sy verantwoordelikhede kon nakom as die Munisipaliteit nie 'n monopolie op die vervaardiging en verkoop van Bantoebier, die tradisionele Bantoedrank met lae alkoholinhoud, gehad het nie. Een derde uit die verkoop van Bantoebier word bestee aan dienste om die maatskaplike welsyn, ontspannings- en gesondheidsgeriewe vir Bantoe-inwoners in Soweto te verbeter. Die ander twee derdes mag gebruik word om verliese op behuisingskemas te bestry.

Bantoebier word in biersale, biertuine, en buiteverkooppunte wat omtrent almal in Soweto is, aan die publiek verkoop.







## Vervoer

Die vinnige elektriese treindiens tussen Johannesburg en Soweto word deur die Regering verskaf en neem pendelaars na hulle werk toe en terug teen verminderde tariewe. Die verskillende taklyne kronkel deur die Bantoedorpe sodat die meeste mense naby 'n stasie is. Hierdie spoorlyne dra 'n geweldige groot verkeer. Die mense gebruik ook busse stad toe. Private motors en huurmotors word baie gebruik.
In Soweto is daar 'n interne busdiens wat by die treindiens ingeskakel is. Die busdiens word beheer deur die "Public Utility Transport Corporation" wat soos die treindiens gesubsidieer word met fondse uit die Vervoerheffing wat werkgewers van Bantoemans moet betaal.

**Collection Number: A1132**

**Collection Name: Patrick LEWIS Papers, 1949-1987**

***PUBLISHER:***

*Publisher:* **Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa**
*Location:* **Johannesburg**
**©2016**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

This collection forms part of a collection, held at the Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.